

Pandas en papawers

Laat word jou pikkie mens in 'n kamer waar pandabere in 'n papawerwoud speel. Deur Mariëtte Crafford-Barnard

PAPAWERPRENT

JY BENODIG

Twee dele wit katoenstof, 214 x 127 cm elk; 200 x 113 cm dun watteersel; rooi, geel en groen katoenstofreste; swart kraletjies; bypassende masjiengare.

MAAK SÓ

- Plaas 2 dele katoenstof op mekaar, verkeerde kante teenmekaar, met watteersel tussenin. Ryg 3 lae reg rondom aan mekaar vas.
- Rangskik rooi en geel papawers op wit agtergrond. Ryg vas. Applikeer.
- Knip kronkelstele vir papawers uit groen kledstof. Ryg. Applikeer.
- Werk swart kraletjies op papawers.
- Rond prent só af: Vou 7 cm-rand reg rondom, bo-oor rafelrande van katoenstof-en-watteersel-"toebroodjie".
- Maak dubbele randstiksel – eers 5 mm van rand af, dan 6 cm verder.
- Speld klein pandabere of enige sagte speelding aan prent vas of applikeer pandabere daarop.
- 1 diagramblokkie = 1 cm.

PANDAKOMBERSIE OF MUURPRENT

JY BENODIG

50 cm swart katoenkledstof; 1 m swart kledstof met wit kollepatroon; 2 m wit katoenkledstof; 50 cm dun swaargewigwatteersel; 2 oogknopies; 1 m groen lint; bypassende masjiengare.

MAAK SÓ

- Knip 2 reghoeke wit kledstof, 56 x 75 cm.
- Knip 1 reghoek watteersel van dieselfde grootte.
- Ryg 1 wit reghoek bo-op watteersel vas.
- Knip panda-patroondele uit swart-en-wit kledstof.
- Ryg kop 19,5 cm van bokant van wit reghoek af en sowat 19 cm van sye af. Sien foto.
- Applikeer kop. Applikeer snoet daarop. Ryg swart bolyfie onder kop vas. Applikeer.
- Ryg ore, swart oogdele, neus en glimlag vas. Applikeer.
- Ryg wit onderlyf vas. Applikeer. Ryg swart pote daarop vas. Applikeer. Sien foto.
- Plak of werk oogknopies vas.



- Ryg onderste wit reghoek deur watteersel aan bokant vas.

- Maak kolletjiesrand só: Knip 2 stroke kollekleedstof, 22 x 77 cm, vir lang sye en 2 stroke, 22 x 58 cm, vir kort sye.

- Voltooi kort rande eerste. Vou 1 cm in rondom randstrook. Vou dubbel, oorlangs, en oor kombars sodat alle lae in randstrook vasgevang word. Stik deur al die lae, sowat 3 mm van binnerand af.

- Herhaal met ander randstroke. Die 2 langsy-randstroke bedek kortsy-randstroke by hoeke.

- 1 diagramblokkie = 1 cm.

Detail van die pandakomersie.

'n Papawerprent en pandakomersie vir 'n buitengewone babakamer. Met 'n panda in jou babakamer breek jy nie net dapper weg van sagte pienk, geel en blou nie – jy verbind jou en jou nuwe mensie aan die beskerming van lewe op ons planeet. Die panda is die internasionale kenteken van mense wat omgee vir die voortbestaan van dierelewe. Maar buiten die simboliek en die nuwigheid van swart in die kleinste se kamer, kan jy die pandas en papawers maak net vir die pragtig.

vir pikkies



ontwerp en gemaak deur MARIËTTE CRAFTORD-BARNARD; diagramme verwerk deur ANNINE VAN REENEN foto en stilering MARIËTTE CRAFTORD-BARNARD






DIAGRAM: PANDABEER

1 blokkie = 1 cm




DIAGRAM: PAPAWE




DIAGRAM: PAPAWE




DIAGRAM: PAPAWE

KOP: sirkel, 177 mm deursnee